

14 Julie

Gelowiges is vry van die wet

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-6
Fokusgedeelte: Romeine 7:2

Paulus is hier besig om te verduidelik dat gelowiges vry is van die wet wat van buite af dwing, en na hulle dood en opstanding in Christus nou deel in die nuwe bedeling van die Gees wat van binne af lei (vs 6). Hy verwys daarom na die wettiese gebruike rondom die huwelik slegs as voorbeeld van hoe dié nuwe bedeling werk. Kortliks kom hierdie gebruike daarop neer dat eers as die man of vrou dood is, is die ander party welkom om weer te trou. Maar dit is nie Paulus se punt nie. Die punt is dat Christus se dood vir ons die wet se band gesny het soos wat die dood dit ook doen in 'n huwelik.

Hy skets mos nou juis die nuwe beginsel van 'n nuwe verbond wat wys hoe gelowiges se aanvaarbaarheid deur die Here nie meer afhang van die nakom van wette nie. Aanvaarbaarheid hang nou af van geloof in Christus se offer. En die geloof bestaan eers regtig as dit prakties sigbaar word in die mate waarin 'n gelowige nederig in homself/haarself sterf om te dien in gehoorsaamheid aan die Gees uit vrye wil.

Die Heilige Gees sal nooit van ons iets vra wat in stryd is met die wet nie. Die huwelik behoort steeds eerbaar gehou te word (Heb 13:4). Maar die volle nakoming van die wet is nie meer dít wat ons vir God die Vader aanvaarbaar maak nie. Geloof in Christus wat begrip het vir stukkende mense in hierdie stukkende wêreld doen dit wel!

Sing: Psalm 25:2 (1936-beryming)

Ds. Griffel van Wyk (Kaapstad)